EXECTRUST
(Edms) Bpk

Voorheen Trustee Kamer
(Edms) Bpk

Reg. Nr/No 1957/001017/07

NUUSBRIEF 3/2005

Bestorwe Boedel Spesialiste

Trust Administrasie

Kuratorskap Administrasie

Testament konsultasie en opstel

Ontdekkersweg 460
Florida Park 1710
Posbus 21451
HELDERKRUIN 1733
Foon (011) 472 9308
Faks 0866 74 9909
Sel 084 602 9127

LEWENS POLISSE – BATES OF NIE BATES?

Dis baie lekkerder om daardie nuutste tuis-teater sisteem aan te skaf of miskien die familie motor te opgradeer, as om u spaar-gelde tersyde te sit vir die ou dag!

Ons ervaar ‘n breë spektrum van beleggings opsies deesdae en meeste van hierdie opsies is gemik op daardie persone wat meer spaar kontant het. Die alternatief? Ons kyk na die Lewensversekering Industrie. Dit is ons nederige opinie dat, terwyl ‘n polis miskien ‘n goeie belegging kan wees (natuurlik hang dit af van die tipe polis wat uitgeneem word) is dit belangrik dat u u makelaar nader vir goeie advies alvorens u die besluit neem. Dit is maklik om foutief op te tree as u nie behoorlike inligting tot u beskikking het nie.

In ‘n vorige uitgawe van hierdie nuusbrief, het ons geraak aan kontanttekorte in bestorwe boedels. ‘n Polis, hetsy lewens of andersins, is een manier om ‘n kontanttekort in u boedel of besigheid te voorkom.

Neem net kennis dat enige lewens polis, met eksklusies, deelvorm van die berekening wat gebruik word vir Boedelbelasting doeleindes. Daar is net sekere polisse wat wel nie deelvorm van die voorgenoemde berekening nie. Voorbeelde van hierdie eksklusies is Pensioenfondse, ens.

Dus, merk aan wie die polis betaalbaar is by u afsterwe. Polisse aan derde partye betaalbaar word beskou as “geagte” bates, soos in die Boedelbelastingwet beskryf. Vir die doel van Boedelbelasting berekening, sal hierdie opbrengs in aanmerking gebring word, alhoewel dit nie as ‘n bate in u boedel beskou word nie en kan u eksekuteur nie ‘n fooi daarop hef nie.

Hierdie feite is maar net ‘n paar waaraan aandag gegee moet word.

Ons vertrou dat hierdie notas van hulp sal wees, maar nooi u uit om ons te kontak indien daar enige aspek is wat nie vir u duidelik is nie.

IS U BOEDEL BELASBAAR?

Die Boedelbelastingwet, soos gewysig, dui aan die formaat van die berekening en welke bates/enkel bedrae (betaalbaar as gevolg van u oorlye) in berekening gebring moet word, terselfdetyd word gemeld welke kortings en aftrekkings toegestaan mag word.

Kortliks, die eersterwende gade se boedel van twee gades wat getroud is (binne of buite gemeenskap van goedere) is nie belasbaar nie, mits die nagelate gade die balans vir verdeling gaan erf.

U is seker bewus van die verskillende tegnieke wat gebruik word ten einde die Boedelbelasting te verminder in u boedel, maar skakel ons gerus indien u verdere inligting benodig.

Wat hierna volg, is ‘n basiese Boedelbelasting Berekening wat deur u gebruik kan word om die Boedelbelasting te kan bereken in u boedel. Natuurlik is dit nie vir ons moontlik om vir elke geval voorsiening te maak nie, maar kan u hierdie berekening gebruik vir die berekening van ‘n beraming van die Boedelbelasting wat moontlik in u boedel van toepassing is :

Totale bates (Sluit alle motors, meubels, beleggings, ens. in)	R
Min : Opbrengs van alle polisse aan u boedel betaalbaar	R
Min : een helfte van die boedel weens ‘n huwelik in gemeenskap van goedere	R
Tel by : ***alle*** polisse betaalbaar as gevolg van u oorlye (dit sluit in alle polisse aan derde partye betaalbaar)	R
Bates Subtotaal	R_____
Totale laste	R
Min een helfte van laste as gevolg van ‘n huwelik in gemeenskap van goedere	R
Laste Subtotaal	R_____
Bates min laste =	R
Min Primêr korting	R1500 000
Min erfenis aan langslewende gade betaalbaar	R
Netto belasbare boedel is dus	R_____

Boedelbelasting daarop betaalbaar is 20%.